# SEKRETARESSE - VERSLAG: Julie '86 - Januarie '94

deur Sonja van Walbeeck

Wat 'n voorreg is my beskore om 'n lid van Berg-en-Dal Voetslaanklub te mag wees. Bert, ons kinders en ekself het in bogenoemde tydperk baie onvergeetlike en onvervangbare dinge geniet en ervaar! Ons heel eerste stap was by Harkerville. Daar het die stapgogga ons gebyt. Kort daarna word ons klub gestig. Elke Saterdag was ons daar. Ons rugsakke word week na week swaarder gelaai, want die langpad wag.

Die Springbok-roete wink en ses van ons durf dit aan. Daarna gedeeltes van die Outeniqua. Toe breek 4 Julie '87 aan. 'n Volle roete van 140km. Vyftien van ons dink terug aan die laaste dag met sy 34km en twee en 'n half uur se gietende reën in die donker! Sal ons ooit oom Hendrik se toorn vergeet vir sy "tjwie-tjwie"-flitslig wat daarom toe sy einde tussen die harde rotse moes vind. En Bert wat saam met Erica die wit voetjies, in die donker, in die teenoorgestelde rigting moes vind. Wat 'n genade dat die eindpunt daardie nag ons warm huise, warm storte en warm beddens was!

Dan volg in Julie '88 ons groot avontuur in Oos-Transvaal vir een-en-twintig dae met twee combi's, twee waentjies en vyftien persone. Heerlike stappe: Gold Nugget, Fanie Botha en Blyderivier. Verder talle ander: die Tsitsikamma, die Otter, die Visrivier-afgronde, die Klipspringer, die Hottentots Holland, die Kwaggapark en Graaff-Reinet omgewing, die Drakensberge ... 'n verhaal op sy eie! Die Sederberge, hoe onvergeetlik groots; was alreeds drie keer daar! Die Oos-Vrystaat en Golden Gate ... reën en nogmaals reën! Die Amatola's: watervalle, swempoele en misvloerhutte! Die Swellendamroete - by Wolwekloof onder die sterre waar Willie Nel die drie jong dogters laat hoendervleis kry het met sy bangmaakstories, die oggend met die sneeu in die Swartberge! En so kan ek aangaan. Om te mag stap en die handewerk van ons almagtige Skepper te bewonder en te besef: al is ek so klein in hierdie grootsheid rondom my, tel Hy die hare van my hoof en ken Hy die roering in my siel. Dan kan ek nie anders

as dat my hele wese juig: "Hoe groot is U, hoe groot is U!"

Heimweë roer my hart as ek dink aan die baie ure rondom die kampvure waar ons gekuier, gesing, gelag, gelees en gedank en ...A-ha gespeel het! En saans knus in jou slaapsak nog oor die dag lê en peins het. Het jy ook al gewens jy kan elke panorama vanaf 'n bergpiek, streling van die wind, die lied van die voëls, asemrowende uitsigte, die magtige rotsformasies, die delikate blomme, die verrassende kruiegeure, wolkpatrone, die lig-en skaduspel, die betowering van elke seisoen, datums en ons deelnemers vir altyd vashou?

Keer op keer het ons intens geniet van ons jaarlikse afsluitingsfunksies op "Tuinplaats", "Soete Inval", "Ithula" en "High Lodge". En al die gesellige samesyn by ons so welbekende "Bring-en-Braai" oral rond.

Toe ek gekies is as sekretaresse was ek behoorlik groen. Ek was onbekend met elke roete; het geen enkele oornaghut se naam geken nie. En toe? - oor 'n aantal jare het ek rekord gehou van ons oorslaap in chalets, hutte, tente en onder die sterre ... dit was vêr verby die honderd! Niks kan hierdie belewenisse vervang nie. En dit saam met mense ... baie besonderse mense soos julle. Baie dankie vir julle elkeen ... en dat jy, jy is!

## DIE TOTSTANDKOMING VAN BERG-EN-DAL

deur Hennie Mouton

Helma, wat toe by ons gebly het, het een aand gesê dat sy saam met 'n jong span onder leiding van Pietie le Roux, gaan stap. Annie en ekself het onmiddelik belang gestel en op 'n volgende uitstappie was ons by. Ons het eers die oggend om 10h00 vanaf die stasie na Kranshoek vertrek en die namiddag uitgestap. Sommige van die stappers het sloffies gedra, wat nou nie eintlik bevorderlik vir voetslaan was nie. Ons het verskeie kere saam met Pietie le Roux gestap waar ons toe ook vir Danie Visser ontmoet het.

Ons verneem toe van die Outeniqua Voetslaanklub, met



Elma Poole as die sekretaresse. Ons probeer toe lede van hierdie klub word en betaal ook ons ledegeld. Hierdie klub het slegs af en toe gestap en ons het slegs op een geleentheid saam met hulle gestap. Ons Moutons, Heynse, Danie Visser en andere begin toe meer dikwels op Saterdae stap. Kort hierna word ons deur die klub verwittig dat hulle nie meer nuwe lede aanvaar nie en dat slegs die oud-lede behoue sal bly vir die klub. Ons Saterdag stappery begin al meer momentum kry en meer en meer lede begin saam met ons te stap. Elna Cloete, die Van Walbeecks, Louis du Toit, wat van ons eerste bestuurslede was, word ook lojale stappers. Danie Visser stel voor dat ons, ons eie klub moet stig. Danie en ekself hou koukus en ek stel 'n grondwet vir 'n klub op.

Die Outeniqua klub moes daarvan gehoor het en rig 'n ongevraagde brief aan ons om nie hulle klub se naam te gebruik nie. Op die 27 Julie 1986 hou ons 'n stigtersvergadering en ons klub word amptelik as Berg-en-Dal voetslaanklub gedoop. Hierna word daar tot nou, tien jaar later, ernstig gestap en duisende kilometers afgelê. Ekself het al 10691km vanaf die stigting gestap. Van die oorspronklike stigterslede is nog slegs die Heynse tans onaktief. Stella en Bokkie van Eyssen, Van Walbeecks, Moutons en Danie le Roux is nog lede. Dit kan aanvaar word dat ons klub sy ontstaan kan toeskryf aan Helma en Pietie le Roux wat die saad gesaai het.

## VAT VYF VIR DINSDAGSTAPPE.

deur Poekie le Roux

Op 28 Mei 1991 het die Dinsdagstap plaasgevind en Natalie, Joey, Magdaleen, Joan, Kitty, Stella en Tom Boshoff het die roete van Standerstraat na Kaaimansbrug gestap.

Nou hoekom 'n Dinsdagstap. Kom ons hoor wat Lina sê: "Man die eerste Saterdag wat ek saam met die groep gestap het, het ek gou agtergekom dat ek nie die pas sou volhou nie. Ek het daaraan gedink om op 'n Dinsdag 'n oefenlopie te maak. Ons moes 'n manspersoon betrek en ek noem Tom Boshoff se naam, maar baie sê die

"hardkoppige ou man" sal nooit belangstel nie - ek skraap my moed bymekaar en vra - en wat 'n pragtige positiewe entoesiastiese leier het ons gekry - en van toe af stap ons."

Kom ons kyk so bietjie na interessante statistieke - volgens oom Tom se dagboek:
1991: 27 stappe - ± 650 km - gemiddeld 24km
1992: 48 stappe - ± 703 km - gemiddeld 14,6km
1993: 46 stappe - ± 616 km - gemiddeld 13,4km
1994: 42 stappe - ± 521 km - gemiddeld 12,4km
1995: 44 stappe - ± 532 km - gemiddeld 12km

Die roetes wat gestap word wissel van kort, maklik tot kort en moeilik; lank, maklik tot lank en moeilik; gelyk stap en ook steiltes uitklim. Elkeen bly 'n uitdaging vir een en almal wat stap.

Nou hoekom sal 'n mens nou elke Dinsdag, jaar na jaar dieselfde roetes stap? Kom ons laat van die stappers hulle sê sê:
Magdaleen: Dis 'n heerlike stap - min ruskans. Die heerlike atmosfeer en kameraadskap beteken vir my so baie - dis sielslekker. Ek glo die Vader in die hemel glimlag oor die lieflikheid van die Dinsdagstappe.
Meisie: Toe ons in George gekom het, was ek depressief, maar die wêreld het vir my oopgegaan toe ek by die Dinsdagstapgroep aangesluit het. Elkeen van die stappers is so spesiaal. Dis 'n groot voorreg.
Hennie: "Nee man, om fiks te word en vir die goeie geselskap."
Annie: Omdat ek hou van die oefening en dis lekker oefening. Elke stap, al is dit 'n ou roete lewer iets anders op en al stap ons die roete oor en oor - ek kompeteer met myself om elke keer beter te stap.
Gys: Dinsdagstap is lekker geselskap waar vriendskapsbande gesmee word. Hier hoor jy van nuwe wonderprodukte by Pick 'n Pay of winskope by Checkers of "dit is al November - koop jul kruideniersware nou voor die koms van die Transvalers" - en lesbes "het jy gehoor van die seldery-en-wortel vir pyne in die rug?"
Coleen: Stap is vir my 'n terapie; dis my stokperdjie - ons gesels so lekker en die bene en kake kry oefening.
Giel: Dinsdagstap, soos enige ander stap, is 'n



belewenis. Dit is 'n lekkerte wat mens nie in woorde kan stel nie - het jy al die loerie bo jou sien vlieg en die stilte van die varingwoud aangevoel? - dis 'n stukkie van die hemel. Het jy al op jou maag gelê en water uit die bergstroompie gedrink, het jy al die berg se weerkaatsing in die dam gesien, het jy al by die ou dorpsdam in die berg gestaan en na sy wal gekyk, het jy al oor die stam van 'n boom gestreel en die ouderdom gevoel, het jy al bo in die berg 'n George-lelie in al sy glorie gesien en besef dis God se blomtuin, het jy al tussen die heide gestaan, tussen die watsonias, tussen proteas, het jy al kaalvoet deur water gestap, het jy al die misreën op jou gesig gevoel? - dít is die lekkerte waarvan ek praat en dít is 'n Dinsdagstap.
Oom Tom: Natuurlik word daar baie grappies vertel, resepte uitgeruil, hartseer gedeel, vreugde ervaar en stories vertel. So 'n storie is die storie van Coleen se bok: Haar huishulp, kom ons noem haar maar Maria, vra 'n bok vir een of ander ritueel wat hulle het. Coleen se skoonseun sou die bok van Willowmore bring - dis nou nie sommer so 'n bok nie, nee 'n mooi angorabok. Toe Maria nie die Sondag opdaag om die bok te haal nie, word die bok in 'n buitekamer toegemaak vir die nag. Die Maandagoggend laat Coleen die bokkie uitkom, want sien, die grasperk is so mooi groen en die bokkie moet darem mos eet. Maar bok se kind laat hom nie keer nie en net soos 'n bok maar kan, klouter hy oor die muur en vat die pad met 'n spoed. Coleen en haar dogter is agter die bok aan, deur die rivier en in die bos, maar van bok se kind is daar geen spoor nie en so is Maria haar bok kwyt.

Dinsdagstappers was altyd op die uitkyk vir die bok - glo een keer weer gesien. Die bok is tot vandag toe nog soek - miskien was dit die bok wat in Blanco aan 'n tou gesien is. In ons verbeelding sien ons vir Coleen, vroeg in die oggend, agter 'n bok aan hol.

'n Dinsdag sonder 'n stap is nie 'n Dinsdag nie. 'n Rus langs die pad sonder 'n rosyntjie is nie 'n rus nie. En 'n stap sonder Lina en oom Tom is nie 'n stap nie. 'n Stapper sonder 'n dankgebed teenoor die Skepper is nie 'n stapper nie. VAT VYF VIR 'n DINSDAGSTAP.

Naskrif: Die Dinsdagstappe het ongeveer in Januarie

1991 in aanvang geneem. Die eerste deelnemers was Lina Aucamp, Joey Kruger, Magdaleen Booysen, Natalie Dorman, Susanne Theron en Tom Boshoff. Hulle word beskou as die veterane van die Dinsdagstappe.

## SEDERBERGE: 7-14 OKTOBER '96

deur Eddie van Niekerk

"Ek slaan my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom?"
Groot was my vreugde toe Hennie my saamgenooi het om die staptog na die Sederberge mee te maak. Skielik kon ek nou saam met die ander beplan en begin voorberei - min het ek besef dat twintig pakke kitsnoedels beslis nie nodig sou wees nie en dat agtien pakkies weer sou terugkom en wag vir 'n volgende stap.

Maandagoggend: 7 Oktober
Die groep van agtien ontmoed by die George Toeriste oord. Die ander drie lede sluit by ons aan by Uitkyk. Ons vertrek om 6vm in konfooi na Algeria - vanaf Mosselbaai het Coleen saam met my gery vir geselskap. Net buitekant Worcester het dit geklink of 'n geweerskoot afgaan - Coleen het platgeval vir ingeval, maar nadat ek twee nuwe agterbande moes aanskaf, was ons rit verder een groot plesier. Op Uitkyk aangekom het ons afgepak en ons lêplekke in die drie hutte gekry. Daarna het ons almal bymekaar gekom vir 'n lekker braai en saamsing.

Dinsdag: 8 Oktober
Om 7vm het ons bymekaar gekom en soos elke ander oggond eers ons Hemelse Vader al die eer gegee en dankie gesê vir so 'n groot voorreg om sy skepping so te mag geniet. Ons het toe in twee groepe opgedeel: ons groep het gestap vanaf Uitkyk na Algeria en daar het ons weggedraai na Middelberghut, ongeveer 1150m hoog. Tussen Middelberghut en Algeria het ons by die waterval vertoef vir 'n heerlike koffietjie en 'n blaaskans. Vanaf Middelberghut het ons suidwaarts gedraai en verby



"Jurie-se-Berg" in die rigting van "Muller-se-Water" beweeg. Hier het ons 'n pragtige ribbok gesien wat vir ons 'n demonstrasie gegee het van hoe 'n mens nou eintlik moet bergklim - gemaklik en grasieus. Hier het ons begin weswaarts draai, by die gat verby, terug na Uitkyk. Tussen die kosmakery en skoonmakery het daar skielik 'n oorverdowende gil uit die een badkamer opgeklink. Erhard het versteend en so wit soos 'n laken na my kant toe gekyk: hy het aan die badkamerdeur geklop en toe daar geen antwoord kom nie, die deur oopgemaak en ingestap. Wie nou eintlik die grootste geskrik het, Sarie onder die stort of Erhard vir dit wat hy gesien of nie gesien het nie, sal ons nie weet nie.

Woensdag: 9 Oktober
Ons het weer vroeg vertrek en die twee groepe het roetes omgeruil. Ons het weer vanaf Uitkyk na Algeria gestap en daar het ons weswaarts gedraai na Suurvlakte se kloof toe, verby die Brand uitkykhut. 'n Steil klim van 1250m. Hier het ons gevind dat die voetpad doodloop, waarskynlik as gevolg van min gebruik. Ons het toe teruggedraai en 'n ander roete ingeslaan en ons pad teruggewerk na Algeria en Uitkyk toe waar ons omtrent teen 12nm aangekom het. Die namiddag het Erhard en Sarie besluit om die ander groep berg-af tegemoet te gaan. Omtrent halfses het hulle teruggekeer en gerapporteer dat daar geen teken van die ander groep is nie. Hennie het bekommerd begin raak, aangesien die weer aan die opsteek was. Hy besluit toe dat hy, Erhard en ek moet berguit om hulle te gaan soek. Halfpad teen die berg op het Hennie vir Erhard gesê om daar te wag terwyl ons twee hoër op beweeg. Toe ons die bopunt van die berg bereik het, was dit al reeds donker - donker soos in geen maan of sterre nie. Ons gevolgtrekking was dat die klomp of teruggedraai het of besluit het om in die berg te oornag. Ons het toe die terugtog met flitse aangepak. Groot was ons verligting toe ons teen tienuur daardie aand by die kamp terugkom en die groep veilig en in goeie gees daar aantref. Hulle sê hulle het 'n verkeerde afdraai geneem. Nou wat is die verskil tussen 'n verkeerde afdraai en verdwaal? Ons laat dit nou maar aan hulleself oor om te vertel hoe hulle uiteindelik by Uitkyk uitgekom het. Die res van die aand was toegewy

aan daardie dag se stap episodes en het vir heelwat vermaak gesorg gesorg.

Donderdag: 10 Oktober
Deur die nag het die wind sterk opgekom en die reën gebring; die sluise het oopgemaak en van stap was daar geen sprake nie. Die oggend is heerlik verwyl met kaartspeel, saamsing en natuurlik baie grappies. Die namiddag het die weer dit toegelaat dat 'n groep van ons na Algeria kon stap om so 'n bietjie die kampeerterrein te gaan verken. Met die terugstap het ons lekker natgereën.

Vrydag: 11 Oktober
Volgens ons program moes ons vandag na Sanddrif vertrek, maar dit was onmoontlik aangesien die brug by Uitkyk onder water was. Dit was koud en winderig en ons het toe die kaggel gestook en onsself vermaak met mondfluitjie speel en saamsing. Die namiddag het die watervlak sodanig gedaal dat ons die rivier kon aandurf. Eers het Faan met sy nuwe Isuzu bakkie vir ons gewys hoe dit gedoen moet word. Ons was ook behulpsaam om dames van 'n ander stapgroep veilig deur die rivier te help. Nellis het voorspel dat die reën nie gaan ophou nie en het toe ook opgepak. By Sanddrif is ons weer na ons onderskeie lêplekke en het die res van die dag die omgewing bewonder.

Saterdag: 12 Oktober
Almal word begroet deur 'n fantastiese sonskyndag. Hier word besluit dat die twee groepe 'n halfuur uit mekaar na die Wolfbergskeure sal vertrek. Die klim was redelik steil. Ons het heelwat gestop om die wonderlike natuurskoon te bewonder. Wat 'n belewenis was dit nie om deur die skeur te beweeg na die Wolfbergboog toe nie. Hier het ons klipformasies gesien soos uit 'n ander wêreld. As gevolg van die baie reën was dit nie vir ons nodig om drinkwater saam te dra nie, want elke vyf treë kon jy jou dors les by 'n kristalhelder stroompie of watervalletjie. Die plan was om van Wolfbergboog, Gabriëlpas om terug te beweeg na Sanddrif toe, maar ons was vooraf gewaarsku dat die roete weens die baie reën onbegaanbaar mag wees. Ons het toe besluit om dieselfde roete na die kamp terug te neem.



Sondag: 13 Oktober
Aangesien dit ons laaste stapdag was, was ons baie verheug oor weereens 'n wonderlike sonskyndag. Ons het weer in twee groepe, 'n halfuur uit mekaar, die tog na die Maltese Kruis aangepak. Al die geklim was beloon deur die dertig meter hoë vrystaande kruis - dit skep die indruk van 'n reuse vuis wat deur die aardkors opgestoot is. Hier het ons vir die ander groep gewag waar ons almal saam middagete geëet het. Nadat almal klaar foto's geneem het, het ons weer in twee groepe terug beweeg. By die kamp aangekom het ons net so 'n rukkie gerus en toe met ons voertuie na die Stadsaal Rots en boesmantekeninge gaan kyk. Ook weereens rotsformasies wat die besoek die moeite werd gemaak het. Sondagaand het almal hulle kamptoerusting begin oppak vir die terugtog huistoe.

Maandag: 14 Oktober
'n Wonderlike week het ten einde geloop en ons het die pad na George aangepak. Tussen Algeria en die N7 was die Olifantsrivierbrug onder water en moes ons die grondpad na Citrusdal neem. Ons terugtog huistoe was verder aangenaam en sonder voorval.

Om op te som: Die Sederberge sal nog lank onthou en baie oor gesels word. Veral die etes wat almal soos feesmaaltye uitgedraai het - met kerslig, blomme en disse wat selfs vir Carmen Nieuhaus na potlood en papier sou laat gryp het vir Huisgenoot Wenresepte.

Die geselskap was heerlik, die aande gesellig, die grappies en gelag so aansteeklik dat Joye elke aand 'n paar maal nag gesê het, net om haar weer later by die klomp te kom aansluit. Die staptogte en natuurskoon was so onbeskryflik dat dit 'n spoedige herhaling regverdig. Dankie vir die wonderlike geleentheid om die Sederberge saam met julle te kon stap. En soos ek vir myself vra: Waarom die berge in? Is dit nie maar net om aan te sluit by die eeue oue mite dat ons in die berg gevang, stert afgesny en skoongeskraap is nie - en eintlik wou ons nooit regtig daar afkom nie.

## DIE SEDERBERGE: 7-14 OKTOBER '96

deur Poekie le Roux

Maandag: 7 Oktober
Agtien Berg-en-Dallers vertrek na Algeria om die Sederberge te klim. Die konvooi bestaan uit Bing met sy Volkswagenbussie met Hilda, Lina, Magdaleen, Joey, Coleen, Eva en Erhard; dan volg Hennie, Annie en Sarie; gevolg deur Austen en Kitty en dan Giel, Poekie, Gys, Elsie en Eddie met sy oulike besie in die agterhoede. Langs die pad eet ons ontbyt en dit is soos altyd 'n fees. Tussen Robertson en Mover kry ons 'n groot trop bobbejane; ons sien ook heelwat valkies op die telefoonpale en die veld is oortrek van bosse vygies wat vol in die blom is.

By Worcester is Eddie gestrand met 'n papwiel - ons almal wag en wag, maar gelukkig nie vir lank nie. Die natuur langs die pad is asemrowend: groen koringlande, kol-kol natuurlike bos, 'n tapyt van pers blomme, donkergroen lemoenbome, die groen van die eerste wingerdblaartjies en kort-kort die afdraai na 'n wynkelder.

Ons neem ons intrek op Uitkyk in die ou Plaashuis, die Waenhuis en Prik-se-werf. Hier het Faan en Mathie en Nellis by ons aangesluit. Na die spreekwoordelike afpak, regpak en ondersoek van die nabye omgewing is dit tyd om die vuur aan te steek en word 'n lekker vleisie onder 'n pragtige skoon hemel gebraai.

Ons verdeel in twee groepe met Hennie en Bing as leiers - slegs twaalf persone word op 'n roete toegelaat.

Dinsdag: 8 Oktober
Hennie se groep stap van Uitkyk na Algeria en dan na die Waterval, na Middelberghut en dan met die kloof af terug na Uitkyk. Dis nogal 'n redelike steil klim, maar gelukkig is die pad pragtig uitgelê met klip en vorm dit 'n kontoer met die berg. Hierdie roete lewer sy onbeskryflike rotsformasies op. Ons sien ook die sederbome, party silwerwit geraamtes uit die rotse. Die pad deur die kloof is steil en vol los klippe - dit vreet die knieë, tone en rug.



Bing se groep ry tot by Algeria en stap teen die berg uit tot by die waterskeiding en kry 'n pragtige uitsig oor die Suurvlakte. hier sien ons twee kruisarende deur die lug draai. Kitty is in ons groep en so leer ons van die proteas soos byvoorbeeld die rankende speldekussing wat hier groei. Ons loop rond op die berg en het tyd om na die verskillende veldblomme te kyk. Die pad teen die berg af is vol los klippe en ons moet versigtig trap - gelukkig stap ons sonder probleme uit.

Die heerlike warm water by die kampterrein was vir een en almal 'n lafenis. Party kon die aanloklikheid van die koel bergstrome nie weerstaan nie en het soos Adam en Eva 'n heerlike bad in die natuur geniet. Na 'n lekker aandete kom ons bymekaar en hou konsert: Eddie jodel en speel mondfluitjie, Faan vergas ons op die pragtigste liedjies uit vergange se dae en almal sing lekker saam. Ook die "Briel Susters" met "Een aand met die trein na Pretoria" was teenwoordig. Ons het soveel dank in ons harte vir 'n onvergeetlike dag.

Woensdag: 9 Oktober
Hennie se groep, behalwe Sarie wat wil rus, stap met 'n baie steil roete na die brand uitkyktoring. Die wind is baie sterk en hulle skuil effens by die toring. Van daar draai 'n paar om en die ander stap tot by die waterskeiding om 'n uitsig oor die Suurvlakte te kry. Die afkom van die berg is baie steil en vol los klippe wat maklik onder voete uitrol.

Die groep van Bing stap vandag die Watervalroete na Uitkyk. Dis 'n wonderlike roete en almal is gaande oor die rotsformasies. Ons kyk en kyk, stap verby die hutte en neem die pad regs en stap bo-op die plato. Ons stap 'n lang pad tussen die mooiste sederbome en kranse deur. Die met verbeelding sien katedrale, kastele, allerhande diere en selfs 'n E.T. in die onbeskryflike rotsformasies. Toe ons 'n tweede berg moet uitklim begin ons besef dat ons op 'n verkeerde pad is. By die Sleeppad-hut is almal moeg. Die kaart word bestudeer en die manne besef dat ons baie vêr van die pad is wat ons by Uitkyk sou bring. Hier besluit Bing en Nellis om vooruit te stap, want die tyd stap aan en die son sak vinnig. Ons stap teen 'n steilte uit en vind 'n ou

Jeeppad - op hierdie stadium besef ons almal dat ons baie vêr gestap het, maar dat ons nou moet uithou en aanhou. Gelukkig is die natuur pragtig, die uitsig onvergeetlik en water volop en 'n bonus, die sneeuprotea. Uiteindelik kry ons weer nuwe hoop, want Bing-hulle het die pad teen die berg af gekry en die duidelike wysers kon ons nie miskyk nie.

Nou sak die son vinnig en die pad is steil afdraende, baie rof en nat. Voetjie vir voetjie kom ons toe die berg af. Magdaleen kry haar tweede asem en laat waai berg af - so ook Joey en Eva. Die rotse en bome is prentjie-mooi en ons het nog tyd om dit alles te geniet. Magdaleen voel dat ons eers innerlik versterk moet word. Ons sit sommer plat in die pad en ons spyskaart bestaan uit: drie rosyne en een neut, 'n sesde Bar One, 'n sesde Granola Bar, 'n sesde saadkoekie, 'n derde kaaswiggie en een lekkertjie. Dis 'n fees en ons geniet elke krummeltjie. Intussen het Bing-hulle 'n samaritaan, ene mnr Spamer, op sy plaas gekry wat ons toe met sy bakkie na Uitkyk toe neem. Almal was baie opgewonde en dankbaar.

Intussen was die res van die geselskap natuurlik al baie onrustig. Hennie en Faan het by Algeria die pad na die waterval gefynkam. Erhard het die pad die kloof uit al twee maal uitgestap en toe dit donker word het Hennie, Eddie en Erhard weereens met flitse die kloof uitgestap, maar sonder sukses. Almal was bly en verlig om ons te sien en ons was moeg, maar baie dankbaar dat die Hemelse Vader ons veilig bewaar het. Die heerlike sop wat Lina vir ons gegee het, sal ons nooit vergeet nie - en Annie met koffie, Coleen met 'n stukkie wors. Dit was weereens duidelik dat die stappers bymekaar staan in lief en leed. Ek het aan die Koos du Plessis liedjie gedink: "'n Pad wat jy vat as jou siel verdor, maar jou oë is nat - jy dink en peins oor die ware pad. 'n Vrolike pad, 'n eensame pad, maar nie 'n doodloop pad." En toe, toe sak die reën uit.

Donderdag: 10 Oktober
Dit reën die hele dag. Ons eet en drink koffie, kuier en kyk na die reën. So kry ons die hele dag om en met potjiekos en 'n glasie wyn kuier ons heerlik. More gaan ons Sanddrif toe skuif.